Sanlam Beleggings

# Dividendbelasting (verminderde koers)
DTD(EX)

Stuur asseblief die ingevulde vorm en stawende dokumente na:

E-pos UTinstructions@sanlaminvestmentssupport.com Faks 0860 724 0467

Indien u enige vrae het, tree asseblief met ons in verbinding by:

Tel 0860 100 266 E-pos service@sanlaminvestments.com

Verklaring en onderneming wat gemaak moet word deur die nie-inwonende bevoordeelde eienaar van 'n dividend (verminderde belastingkoers).

Dividendbelasting is 'n 20% belasting (onderhewig aan verandering) waarop onderaandeelhouers gehef word wanneer 'n dividend betaal word. Dividendbelasting word teruggehou deur óf die maatskappy wat die dividend betaal of die terughou-agent (soos Sanlam Kollektiewe Beleggings) wat dit namens u aan die SAID oorbetaal. Dit geld vir alle dividende betaal deur Suid-Afrikaanse inwoner-maatskappye, sowel as nie-inwoner maatskappye waarop die Johannesburgse Effektebeurs (JAB) genoteer is.

Nie-inwoners kan vir 'n verminderde belastingkoers kwalifiseer, afhangende van hul land van verblyf en hulle omstandighede, of hulle kan vrygestel word.

Aantekening oor die invul van hierdie vorm:

- Hierdie vorm moet deur die nie-inwonende bevoordeelde eienaar (van dividende, insluitende dividende in specie, bv. in die vorm van 'n aandeel) ingevul word om aansoek te doen vir die verlaging van die dividendbelasting. Verwys na Artikels 64FA, 64G of 64H van die Inkomstebelastingwet, Nr 58 van 1962 (die Wet), sowel as die bepalings van die Ooreenkoms vir die Vermyding van Dubbele Belasting en die Voorkoming van Fiskale Ontduiking* (DTA) tussen Suid-Afrika en die land van verblyf van die nie-inwonende bevoordeelde eienaar. Vir meer inligting, verwys asseblief na www.sars.gov.za
- Om vir 'n vrystelling in aanmerking te kom, moet hierdie verklaring en skriftelike onderneming ingedien word by Sanlam Kollektiewe Beleggings (SKB) binne die vereiste tydperk (met dien verstande dat dit voor betaling van 'n geaffekteerde dividend is). Versuim om dit te doen, sal veroorsaak dat die volle 20%-dividendbelasting teruggehou / betaalbaar word.
- Waar die nie-inwoner bevoordeelde eienaar 'n nie-Suid-Afrikaanse inwoner is, maar nie vir 'n verlaagde koers kwalifiseer nie, moet hierdie vorm nie voltooi word nie.
- Indien 'n persoon namens die nie-inwonende bevoordeelde eienaar teken, moet 'n getekende volmag die vorm vergesel.
- As u onseker is oor u dividend terughoudingsbelastingstatus, kontak asseblief u finansiële adviseur of belastingkonsultant.
- Parafeer asseblief onderaan elke bladsy asook enige veranderinge waarop hierdie vorm aangebring word.

Deel A: Terughou-agent

Alle kollektiewe beleggings word deur Sanlam Kollektiewe Beleggings (Afgeb.)(Edms.) Bpk. bestuur. 'n Volledige lys van kollektiewe beleggings en hul dividendbelastingverwysingsnommers is op aanvraag beskikbaar.

Deel B: Bevoordeelde eienaar

(Hierdie deel moet ingevul word deur die persoon wat geregtig is op die dividendvoordeel verbonde aan 'n aandeel / aandele.)

Volle name en van: _____

Deel C: Verminderde koers

(Die persoon wat geregtig is op die dividendvoordeel verbonde aan 'n aandeel / aandele.)

Please provide details of all shares held for which a reduced rate of tax is applicable:

Nr	Naam van geregistreerde maatskappy	Verduidelik die rede waarom die nie-inwonende bevoordeelde eienaar aan die vereistes van die VDB* voldoen
1		
2		
3		
4		
5		

Indien daar meer inskrywings is, voltooi asseblief nog 'n DTD(RR)-vorm.

Parafeer _____

Vrywaring

Deur hierdie verklaring en onderneming te onderteken, bevestig ek dat die inligting wat in hierdie verklaring verstrek word, waar en korrek is. Ek onderneem om Sanlam Kollektiewe Beleggings onmiddellik in kennis te stel van enige verandering in die omstandighede soos in hierdie verklaring geopenbaar.

Die Kollektiewe Beleggings deur ons bestuur of enige ander entiteit wat deel van die Sanlam Beperk- maatskappyegroep uitmaak, enige agent, werknemer of direkteur van hierdie entiteite word hiermee skadeloos gestel teen enige skade, verlies (insluitend voortvloeiende verlies), koste of uitgawes aangegaan as gevolg van 'n verswyging van inligting, onjuiste openbaarmaking van inligting of versuim om inligting betyds te verskaf.

Verklaring

ingevolge Artikel 64FA(2), 64G(3) of 64H(3) van die Wet:

Ek, _____ (volle name in drukskrif asseblief),

die ondergetekende, verklaar dat al die relevante vereistes in terme van die Artikel van die Ooreenkoms vir die *Vermyding van Dubbele Belasting en die Voorkoming van Fiskale Ontduiking (VDB) in werking op die betrokke datum (tussen Suid-Afrika en die land van verblyf van die nie-inwoner bevoordeelde eienaar hierbo gespesifiseer, sowel as artikels 64FA, 64G of 64H van die Wet (wat ook al van toepassing is) nagekom is. Dividende op die aandele hierbo gespesifiseer is onderhewig aan 'n verlaagde koers van _____ %.

Handtekening: _____ Datum: _____ *(ddmmeejj)*

(Behoorlik daartoe gemagtig)

Hoedanigheid van ondertekenaar _____

(indien nie die nie-inwonende bevoordeelde eienaar nie)

Onderneming

ingevolge Artikel 64FA(2)(b), 64G(3)(ii) of 64H(3)(ii) van die Wet:

Ek, _____ (volle name in drukskrif asseblief),

die ondergetekende, onderneem om Sanlam Kollektiewe Beleggings skriftelik in kennis te stel indien die omstandighede van die nie-inwoner bevoordeelde eienaar, waarna in bostaande verklaring verwys word, verander.

Handtekening: _____ Datum: _____ *(ddmmeejj)*

(Behoorlik daartoe gemagtig)

Hoedanigheid van ondertekenaar _____

(indien nie die nie-inwonende bevoordeelde eienaar nie)

Parafeer _____